# Nasionale Landbou Jeugskou

## Melkbok Handleiding



**2024**

# Inhoudsopgawe

Suid-Afrikaanse Melkboktelers Vereniging ....................................4

Geskiedenis van die melkbok in Suid-Afrika ....................................4

1. Saanen ....................................4
2. Toggenburg ....................................5
3. Britse Alpine ....................................5
4. Bunte Deutsche Edelsiege (B.D.E) ....................................5
5. Anglo-Nubian ....................................5

Ekonomiese waardes van die melkbok ....................................6

a. Lewer melk van uitstaande gehalte en kwaliteit ....................................6
b. Doeltreffende voeromsettingsvermoë ....................................6
c. Groot mark ....................................6
d. Lanklewendheid en vroeg geslagsryp ....................................6

Bestuur ....................................6

1. Paartyd ....................................6
2. Lamtyd ....................................7
3. Onthoring en Identifikasie ....................................7
4. Behuising ....................................7
5. Kooigoed ....................................8
6. Voeding ....................................8
7. Rekordhouding ....................................8
8. Melkproses ....................................9

Gesondheidsprogram ....................................9

Interne parasiete ....................................9

Eksterne parasiete ....................................9

a) Lammers ....................................10
b) Ooie ....................................10

c) Ramme ....10
Pootsorg ....11
Nuttige inligting ....11
Jeugskou ....12
Riglyne vir was ....12
Riglyne vir voorbereiding ....13
Riglyne vir skouman ....14
Algemene reëls ....14
Individuele skouman ....15
Daar is verskillende vlakke van opdragte wat die hanteerders moet kan uitvoer ....15
Wat behels die verskillende vlakke? ....15
Riglyne vir groepklas ....16
Dele van die melkbok....18

## Suid-Afrikaanse Melkbok telers Vereniging

Nes vir baie ander aktiweite, diere of organisasies het melkbok telers ook ‘n vereniging van hul eie naamlik die Suid-Afrikaanse Melkbok Telersvereniging (SAMTV).

Die SAMTV se doel is om melkbokke van voortreflike genotipe en fenotipe (rasstandaarde) beskikbaar te stel vir die nasionale melkbokkudde.


SAMTV bereik hul doel deur die volgende te doen:

- Keurderdiens
  - ~ Deur 'n paneel van gekwalifiseerde keurders van SAMTV.
    - Stoettelers – Jaarliks klassifikasie van diere vir registrasie in die stamboek.
    - Klassering van kommersiële kuddes.
    - Keuring van alle diere wat op veilings onder beskerming van SAMTV plaasvind.
    - Keuring van ramme waarvan semen vir KI doeleindes te koop aangebied word.
- Kursusse
  - ~ Tegniese opleiding, sowel as opleiding van beoordelaars.
- Inligtingsdae
  - ~ Word volgens aanvraag en behoefte aangebied.
- Provinsiale en Nasionale skoue sowel as veilings
  - ~ Word gereeld aangebied.

## Geskiedenis van die melkbok in Suid-Afrika

In 1898 het die Kaapse Departement van Landbou 3 Saanen ramme en 12 ooie ingevoer vanaf Switzerland. Die Telersvereniging is gestig in 1926. Gedurende die tyd het verskeie telers Saanens, Toggenburgers en Britse Alpyne van Engeland af ingevoer. Vandag is daar 4 aanvaarde melkbokrasse in die RSA, naamlik;

1. Saanen
2. Toggenburg
3. Britse Alpyn
4. Bunte Deutche Edelziege (BDE)
5. Anglo Nubian



Vervolgens gaan die vyf gewildste rasse kortliks bespreek word.

1. **<u>Saanen</u>**

   Van die vyf rasse is die Saanen die algemeenste in Suid-Afrika en die meeste Suid-Afrikaanse melkbok-boere verkies hierdie ras.

   Die Saanen is 'n Switserse ras wat aanvanklik uit die Saanen-vallei in die suide van die Bern-kanton in Switzerland kom. Dis 'n wit bok, verkieslik met swart pigmentasie op die vel, die sigbaarste as kolle of vlekke op die uier, ore en neus/bo-lip.

   1.1.1. Volwasse ooie weeg ongeveer 70kg en volwasse ramme sowat 90-100kg

   1.1.2. Sowel die ooie as die ramme het horings, maar onthoringing het om praktiese redes, soos dat die bokke mekaar beseer, of heinings beskadig, 'n algemene praktyk geword.

1.1.3. Bokbaarde en tossels (of lelle) is vry algemeen, op sowel ramme as ooie, maar nie een van die twee is noodsaaklike eienskappe van die ras nie.

1.1.4. Die Saanen is een van die beste melkbokke en dis nie ongewoon dat ‘n ooi tussen 1500ℓ en 2000ℓ melk per soogtyd lewer nie.

1.1.5. Die Saanen ooi hou die wêreldrekord vir melkopbrengs vir bokke. Sy het 3506 kg melk tydens haar tweede laktasie(soogtyd) gelewer.

1.1.6. Die gemiddelde opbrengs wat in kommersiële melkbok-boerdery van die Saanen verwag kan word, is 900kg tot ‘n 1000kg per soogtyd/laktasie periode.

1.1.7. Die feit dat die Saanen so ‘n mak en bedaarde bok is, maak dit besonder geskik vir intensiewe boerdery.

**2. <u>Toggenburg</u>**

2.1.1. Die Toggenburg is van die St Gallen-kanton in Switzerland afkomstig.

2.1.2. Die ras is ligbruin tot donkerbruin van kleur met wit strepe oor die gesig, wit onderbene en wit om die stert.

2.1.3. Ramme, en soms ook ooie, het baarde en albei het horings. Dis algemene praktyk om hulle te onthoring.

2.1.4. Dis ‘n effense kleiner bok as die Saanen. Die ooie weeg gemiddeld 60kg en die ramme sowat 75kg.

2.1.5. Hulle melkproduksie is effens laer as die van die Saanen, maar hulle is oor die algemeen goeie melkbokke en word verkies as die gehalte van die melk in terme van bottervet en totale vaste produkte belangrik is.

2.1.6. Omdat die ras nie dieselfde mak geaardheid as die Saanen het nie, is die Toggenburg nie normaalweg die eerste keuse vir grootskaalse kommersiële eenhede nie.

**3. <u>Britse Alpine</u>**

3.1.1. Hierdie ras is uit ‘n enkele Switserse ooi in Brittanje geteel.

3.1.2. Die Britse Alpine het kort, blink swart hare met kenmerkende wit strepe oor die gesig, onderbene en is wit en om die stert.

3.1.3. Hierdie ras word algemeen as effens geharder as die ander rasse uit Switzerland afkomstig, beskou en gevolglik ook as beter geskik vir minder intensiewe ondernemings.

**4. <u>Bunte Deutsche Edelziege</u>**

4.1.1. Rooibruin met swart merke as volg:

4.1.2. Gesig strepe van bokant die oë tot by bek en op lengte van rug.

4.1.3. Swart pens. Swart voorbene.

4.1.4. Agterbene swart tot by hakke.

**5. <u>Anglo Nubian</u>**

5.1.1. Enige kleur of kombinasie van kleure.

5.1.2. Mag eenkleurig, gebroke of bont wees sonder Swiss-Markings.

5.1.3. Swart vel, maag mag grys wees met swart pigmentasie.

## Ekonomiese waardes van die melkbok

**a. Lewer melk van uitstaande gehalte en kwaliteit**

Met goeie bestuur en optimale voeding kan daar gemiddeld 3,5ℓ melk per dag met 'n bottervet van 3.4% en proteïene van 2.6% oor 'n laktasie periode van 305 dae van 'n goed geteelde en geselekteerde melkbokooi van enige van die vier rasse geproduseer word.


Bokmelk is uiters geskik vir babas en mense wat maklik opneembare voedings nodig het. Bokmelk is uitstekend vir die grootmaak van enige klein soogdier (kalwers, lammers, wildsbokke, perdevullens, jagluiperds, ens.) vanweë sy hoë en maklike verteerbaarheid.

**b. Doeltreffende voeromsettingsvermoë**

As gevolg van die melkbok se beter vermoë om ruvoer vinnig in melk om te sit maak dit van hom 'n uiters geskikte en kompeterende melkproduseerder.

**c. Groot mark**

Bokmelk is meerdoelig en kan in 'n verskeidenheid produkte verwerk word soos;



~ kaas
~ yogurt
~ lekkers
~ roomys
~ seep
~ botter

Daar bestaan 'n groot vraag na hierdie produkte en verbruikers sal moeite doen om hierdie produkte te bekom. Daar is ook 'n al groter vraag na varsmelk.

**d. Lanklewendheid en vroeg geslagsryp**

Goed versorgde melkbokooie lam op die ouderdom van 12 tot 14 maande en het 'n produktiewe leeftyd van tot 8 jaar.

Meerling geboortes is geen uitsondering by melkbokke nie.

## Bestuur

Die bespreking wat hier volg is oor die algemeen op die Saanen-ras van toepassing, omdat dit die mees algemene ras in SA is.

**1. Paartyd**

Ent ooie teen ensiotiese aborsie 6 weke voor paring.

Doen korrektiewe paring, deur ramme te gebruik met moeders wat amptelike melksyfers het asook positiewe eienskappe het wat 'n tekort of probleme in jou kudde kan aanspreek.

- ⇨ Bokke is baie seisoensgebonde en teel in die herfs, vanaf Februarie tot April.
- ⇨ Die dragtigheistydperk duur 150 dae en in Suid-Afrika lam die ooie gewoonlik in die lente, d.w.s. gedurende Augustus en September tot vroeg Oktober.
- ⇨ Dit is normaal as 'n ooi meer as een lam kry en tweelinge is eerder die reël as 'n uitsondering.

- Dit is belangrik om toe te sien dat die lam binne 2 ure na geboorte aan die ooi drink, omrede die melk (bies) wat die ooi die eerste paar dae na geboorte produseer, ryk is aan vette, proteiene en teenliggaampies. Die teenliggaampies stimuleer die lam se immuniteitsisteem, daarsonder sal die lam te swak word en vrek.

**2. Lamtyd**

Sorg dat dragtige ooie, 6 weke voor lam, byvoeding kry met genoeg proteïene en fosfaat vir gesonde lammers en goeie melkproduksie. Die energievlakke van die voeding moet ook hoog genoeg wees sodat melkkoors en ketose tydens lamtyd vermy kan word. Lammers moet binne 6 uur na geboorte soveel bies inkry as wat hulle kan drink. Lammers kry daarna 1ℓ melk per dag en word dan op gewig van 15kg gespeen.

**3. Onthoring en identifikasie**

Onthoring lammers op 'n ouderdom van 2 – 4 weke met 'n onthoringbout, alhoewel daar verskeie maniere is om lammers te onthoring, is bogenoemde die mees algemene en suksesvolle metode.

Identifiseer lammers na geboorte met 'n permanente ID in die vorm van 'n tatoeërmerk in die oor of oorkode. Plaatjies het die geneigdheid om uit te skeur. Daar word ook al hoe meer van nekplaaitjies gebruik gemaak, hierdie plaatjie word aan die nekketting van die bok gehang, dit maak die identifikasie makliker sigbaar.

**4. Behuising**

- Beskutting teen reën en koue is van kardinale belang in melkboerdery, omrede dit algemeen bekend is dat Saanenbokke droë weer verkies en 'n besondere afkeer in nat, reënerige of winderige toestande het.
- Dreinering van krale is van uiterste belang vir kudde gesondheid, sorg dus dat die krale droog bly.
- Saanenbokke het 'n oop gebou met baie vars lug nodig en wat skuiling teen reën en wind bied. 'n Tipiese bokskuur sal soliede mure van 1,6m tot 2m hoog hê met 'n dak wat op staal- of houtstutte rus en sowat 3 tot 3½ meter hoog is.
- Omheining moet van so 'n aard wees dat klein bokkies nie kan deurkruip nie, want dit is waar hulle dié manier aanleer.
- Hou altyd ramme afsonderlik van ooie aan, dit voorkom dat onaangename reuke na die melk versprei.

Gebrek aan behoorlike skuiling teen wind en reën het 'n nadelige uitwerking op die ooi se melkproduksie en veroorsaak algemene ongelukkigheid en ongerief by haar.

Die volgende faktore moet by die bou van 'n bokskuur in aanmerking geneem word:

- Die gebou moet vry wees van enige trekke
- Goeie ventilasie
- Nie te koud en nie te warm nie
- 'n Skoon en higiëniese omgewing

5. **Beddegoed**
   - Daar moet beddegoed op die vloer wees omrede bokke van nature skoon diere is.
   - Uit ervaring is gevind dat koring hooi nuttige beddegoed is.
   - Benewens goeie skuiling moet daar 'n kamp wees waar die bokke vrylik kan rondwei sodat hulle genoeg oefening en vars lug kan kry.
   - Bokke is van nature nuuskierig. Daarom moet die heining stewig wees. 'n Enkele elektriese draad kan aangebring word om verder te help om die bokke binne te hou.

6. **Voeding**
   - Voerbakke moet van so 'n aard wees dat die bokke nie daarin kan klim nie. 400mm vreet spasie moet per ooi gegee word.
   - In intensiewe melkbok-boerdery behoort die bokke sowat 2,5kg of 'n proteien-konsentraat van 14% - 16% in die vorm van suiweltablette of suiwelmeel per dag kry.
   - Daarbenewens moet bokke genoeg gras of lusern (2,5kg – 4kg) kry om te verseker dat daar vir hulle genoeg ruvoer is.
   - Let daarop dat konsentrate in korrelvorm verkieslik is, omrede suiwelmeel die diere se neusgange kan verstop.
   - Daar moet 'n konstante voorraad skoon, koel drinkwater wees, want 'n bok kan van 4 tot 18 liter water per dag drink, afhangende van die klimaatstoestand, die soort beskikbare kos, tesame met ander faktore. Hierdie is baie belangrik omdat 'n bok min of meer 1,5 liter water nodig het om 1kg melk te kan lewer. 'n Tekort aan water sal dus 'n regstreekse uitwerking op sy melkproduksie hê.

7. **Rekordhouding**



   Hou rekord van die volgende by elke dier:
   - Vader en moeder – om te verseker dat inteling nie geskied nie.
   - Melkproduksie – "om te meet is om te weet", dit stel jou instaat om jou ooie met mekaar te vergelyk en die swakkes uit te skakel.
   - Bouvorm – Teken swak en goeie punte aan ten einde korrektiewe paring te kan doen en so jou kudde verbeter.
   - Dekdatum – om lamtyd te bepaal en sodoende ooie 45 dae voor lam te kan opdroog.
   - Gesondheid – Teken aan as die ooi enigsins siek was of mastitis gehad het. So kan diere wat herhaaldelik dieselfde siekte kry en die res van die kudde benadeel geidentifiseer en uitgeskakel word.

8. **Melkproses**

   Dit is nie die ideaal om hanslammers aan ooie te laat suip nie, aangesien dit grootskaalse uierprobleme kan veroorsaak. Met hierdie metode kan die hoeveelheid inname van melk deur die lam nie bepaal word nie.

Melking kan op twee maniere geskied nl.:

- ✧ met die hand
- ✧ met ‘n melkmasjien.

Indien daar met ‘n melkmasjien gemelk word, geskiet op ‘n verhoogde platvorm of putstelsel en moet ten alle tye higiënies gehou word.

Toets elke speen voor melk vir mastitis of enige ander abnormaliteite. Gebruik ‘n speendoop na melking of waar lammers aan ooie suip vir die voorkoming van mastitis.

## Gesondheidsprogram

### Interne parasiete

‘n Parasiet word beskou as ‘n organisme wat in of op ‘n ander organisme (die gasheer) lewe. Parasiete wat binne die bok voorkom en nie altyd met die oog sigbaar is nie.

Voorbeelde hiervan is: Rondewurms, Lewerslak en Lintwurms

Die neem van mismonsters is die beste manier om te bepaal of ‘n dier inwendige parasiete het of nie.

### Eksterne parasiete

Parasiete wat maklik sigbaar is, die parasiete lewe nie in die diere nie maar op die diere, bv. bosluise, myte,luise, en vlieë

## Versorging van:

## a) Lammers

1. <u>Melk Lintwurm</u>
   Doseer elke 21 dae vanaf 30 dae ouderdom tot speen.

2. <u>Pasteurella</u>
   Ent vanaf 2 weke met ‘n middel wat deur jou veearts voorgeskryf is. Herhaal 6 maandeliks.

3. <u>Luise</u>
   Bokkies moet gereeld deurgegaan word vir uitwendige parasiete soos bosluise. Bokkies sal begin byt en krap indien hulle luise het wat nie maklik sigbaar is nie, ‘n opgietmiddel of dompeldip word vir uitwendige parasiete aanbeveel.

## b) Ooie

1. <u>Pasteurella</u>
   Ent 6 – 8 weke voor lam en daarna 6 maandeliks. Voorbeelde hiervan is:
   - Multivax P
   - Ultra Choice 7
   - Onderste Poort Pasteurella entstof

2. Bloednier
   Ent dragtige ooie met bloednierentstof 4 weke voor lamtyd. Lammers wat gebore word, word deur die biesmelk immuniteit beskerm. Ooie wat nie voorheen ingeënt was nie, moet 2 inspuitings kry, 8 weke voor en nog 'n skraagdosis 4 weke voor lamtyd.
3. Blou uier
   Ent ooilammers 6 weke voor begin paar en alle ooie 6 weke voor lam.
4. Ensoötiese aborsie
   Ent ooie 6 weke voor paring
5. Baarmoeder sponssiek
   Ent ooie 2 maande voor lam
6. Bloutong
   Ent in gebiede waar dit 'n probleem is 1 – 2 maande na lam.
7. Inwendige parasiete (bv. lintwurm, longwurm, neuswurm)
   Neem gereeld mismonsters en doseer met 'n breëspektrum wurmmiddel.
8. Mastitis
   Mastitis (of uierontsteking) is 'n baie algemene siekte en goeie voorsorg moet getref word om besmetting van die bokkudde te voorkom. Die volgende stappe kan gevolg word om mastitis in jou kudde te voorkom:

- ⇨ Ondersoek die uier daagliks vir abnormale afskeidings
- ⇨ Gebruik 'n speendoop wat nie joduim bevat nie na elke melking.
- ⇨ Behandel alle ooie wat opgedroog word met droë koeibehandeling, ooie in produksie wat herhaaldelik mastitis kry moet uitgeskot word.
- ⇨ Handhaaf streng sanitêre gebruike
- ⇨ Vee die uier met 'n droë lap of papierdoek skoon voordat gemelk word.

## c) Ramme

1. Vrugbaarheid
   Laat doen vrugbaarheidstoetse 6 weke voor aanvang van dekseisoen.
2. Brucella ovis
   Koop slegs ramme wat voor 6 maande REV1 gespuit is, dit is hoogs aansteeklik.

### Pootsorg


Dit is uiters noodsaaklik dat oormatige kloutjiegroei minstens elke twee maande weggeknip word. 'n Bok se kloutjies moet, nes 'n mens se vingernaels, nagegaan en gereeld (minstens elke 6 weke tot 2 maande) geknip word.

As die kloutjies verwaarloos word kan dit veroorsaak dat die bok lam word, ook dat dit maklik deur sweerklou-bakterieë besmet word.

Let daarop dat bokke op 'n ander manier as skape geankerbind word om die kloutjies te versorg. Bokke word nie soos skape op die rug omgekeer nie, maar word in 'n staande posisie geankerbind, terwyl die bene op 'n soortgelyke manier gehanteer word as die van 'n perd wat beslaan word.

Knip die kloutjies tot dieselfde vorm as die van ‘n pasgebore lam. Volg die onderstaande stappe:



a) Ankerbind die dier stewig.
b) Maak die kloutjie deeglik skoon.
c) Knip die wande van die kloutjie versigtig tot gelyk met die sool.
d) Knip die hakke.




1. toon
2. wand
3. sool
4. hak
5. grawe hier die vuiligheid uit

**Nuttige inligting:**

- ‘n Melkbok se gemiddelde lewensduur is van 7 tot 10 jaar.
- ‘n Bok is ‘n herkouer, wat beteken dat hy kos wat hy reeds gevreet het, na die mond op bring om dit weer te kou.
- Bokke word 2 keer per dag gemelk, so na as moontlik aan twaalf ure uit mekaar.
- Die melkbok was een van die eerste diere wat deur die mens makgemaak is en voorsien die mensdom al 7000 jaar lank van skuilbedekking, kos en klere.
- Vanweë sy veelsydigheid en geaardheid het die bok lank voor ander diere melk en melkprodukte aan die mens voorsien.
- ‘n Bok se ouderdom kan vasgestel word deur die agt tande van die onderkaak na te gaan soos op die onderstaande sketse aangedui.

**Tande**: ± 14 maande wissel ‘n lam en kry die dier 2 permanente tande.
2 jaar/24 maande het die dier 4 permanente tande, 3 jaar/36 maande het die dier 6 permanente tande en op 4 jaar/48 maande het die dier 8 permanente tande.

## Jeugskou:

**Geen bokke met horings mag geskou word nie. Jeugskou word gedoen met bokke 6 maande en ouer.**

## RIGLYNE VIR WAS

Enige houer of trommel kan gebruik word om benodighede in te stoor. ‘n Plastiek houer met verskillende kompartemente werk egter die beste, maar is nie verpligtend nie.

Benodighede in trommel vir was:

- ✓ Halter of enige veilige en geskikte apparaat om bok stewig vas te maak.
- ✓ ‘n Waslap
- ✓ Sjampoo (geskik vir diere)
- ✓ Emmer
- ✓ Tandeborsel
- ✓ Naelborsel
- ✓ Skropborsel
- ✓ Minstens 3 handoeke

Proses tydens was:

- ~ Berei reeds lank voor die skou jou trommel voor, sodat jy tekortkominge betyds kan aanvul.
- ~ Maak seker dat jy nie minder as 15 minute voor die aanvang van die was proses reeds gereed is, en by die ring of arena waar gewas gaan word by die ringgids aanmeld.
- ~ Die ringgids sal aan jou ‘n plek in die ring of arena aanwys waar jy kan was.
- ~ Maak jou bok kort en stewig vas met ‘n losstrek knoop en tap dan jou emmer vol water.
- ~ Jy kan ook reeds jou trommel uitpak, maak egter seker dat net was benodighede uitgepak word en nie voorbereiding nie, omrede jy nie nou gaan voorberei nie.

- ↪ Die ringgids sal nou aankondig dat jou tyd begin.
- ↪ Draai die kraan matig oop en begin maak die bok deeglik nat, begin agter sy kop.
- ↪ Die dier word altyd van voor na agter, van bo na onder en van links na regs natgemaak.
- ↪ Spuit teen die haargrein om alle vuilheid uit te kry.
- ↪ Gooi sjampoo vanaf sy agterkop tot op sy kruis.
- ↪ Was nou die linkersy van voor tot agter en van bo na onder deur jou vingers te gebruik, doen dieselfde met die regtersy. Indien nog seep benodig word kan seep op die sye van die bok aangewend word.
- ↪ Die pens word laaste gewas omrede alle vuilheid van bo af afloop.
- ↪ Heel laaste word die bene gewas. Die knieë kan geskrop word met die skropborsel en die kloutjies kan geskrop word met die naelborsel.

- ↪ Spuit nou die bok af van voor na agter, van bo na onder en links na regs. Spuit teen die haargrein om te verseker dat alle seep onder die hare uitgespuit is.
- ↪ Gebruik die handoeke en droog die bok so droog as moontlik af.
- ↪ Gebruik 'n borsel en kam die bok se hare netjies en egalig.
- ↪ Gebruik die tandeborsel om die bok se tande skoon te maak.
- ↪ Gebruik nou die waslap (wat in die emmer se water nat gemaak is) en vee die gesig af, om sy bek, neusholtes en oogholtes. Vee die ore uit, sonder om die waslagie binne in te beskadig.
- ↪ Spoel waslap uit en vee mis en vuiligheid onder die stert uit.
- ↪ Sorg dat wanneer jy klaar is, die bok geen seep op sy vel het nie, dat hy skoon is en dat hy goed afgedroog is.
- ↪ Wanneer die ringgids aankondig dat die tyd verstreke is moet jy dadelik stop.

Sorg deurentyd dat jou werksarea skoon en netjies is, sodoende kan jy gestruktueerd te werk gaan en die moontlikheid vermy dat jou bok weer vuil raak. Onthou jou netheid tel ook.

By elke kampioenskap is daar 'n bepaalde afsnypunt waarna geen bok meer gewas of skoon gemaak mag word voor die skou nie, vergewis jouself van hierdie afsnypunt om sodoende nie benadeel te word tydens die wasproses nie. Indien jou bok na die afsnypunt gewas of skoon gemaak is sal daar punte afgetrek word by jou finale punt vir was.

## <u>**RIGLYNE VIR VOORBEREIDING**</u>:

Enige houer of trommel kan gebruik word om benodighede in te stoor. 'n Plastiekhouer met verskillende kompartemente werk egter die beste, maar is nie verpligtend nie.

Benodighede in trommel vir voorbereiding:

- ✓ Halter of enige veilige en geskikte apparaat om bok stewig vas te maak.
- ✓ Klein rondte punt skêr
- ✓ Meduim skerp punt skêr
- ✓ Roulyn olie
- ✓ Klein lappie om olie mee aan te wend
- ✓ Borsel
- ✓ Skuur papier

Proses tydens voorbereiding:

- ~ Berei reeds lank voor die skou jou trommel voor, sodat jy tekortkominge betyds kan aanvul.
- ~ Maak seker dat jy nie minder as 15 minute voor die aanvang van die voorbereidings proses reeds gereed is, en by die ring of arena waar voorberei gaan word by die ringgids aanmeld.
- ~ Die ringgids sal aan jou 'n plek in die ring of arena aanwys waar jy jou dier kan voorberei.
- ~ Maak jou bok kort en stewig vas met 'n lostrek knoop.

- ~ Jy kan ook reeds jou trommel uitpak, maak egter seker dat net voorbereiding benodighede uitgepak word en nie was benodighede nie, omrede jy nie nou gaan was nie.
- ↳ Die ringgids sal nou aankondig dat jou tyd begin.
- ↳ Maak seker watter kant jy voor berei.
- ↳ Doen altyd alle knipwerk van voor na agter, van bo na onder.
- ↳ Gebruik die rondepunt skêr om hare in die gesig van die bok te knip.
- ↳ Knip die bok se baard gelyk af en 'trim' die hare sodat dit netjies saam met die bok se gesig lyn loop. (Kort gelyk met die ken slegs aan die kant wat jy voorberei as die bok gedeel word.)
- ↳ Knip los lang hare rondom die bek en neus af, knip lang hare rondom horing basis sodat die kop mooi vertoon.
- ↳ Knip die hare in die ore en op die rante van die ore netjies en gelyk met die oor.
- ↳ Hare op die lyf wat die vorm van die bok nadelig beinvloed kan ook geknip word, om sodoende die bok op sy beste te laat vertoon. Wees egter versigtig met knip van hare dat dit nie te kort gedoen word nie.
- ↳ Gebruik die skerppunt skêr en knip die knieë van die bok netjies, knip ook die kloutjies se hare gelyk (in 'n reguit lyn), asook die hare rondom die by kloutjies moet netjies geknip word. Gebruik die lyn van waar die kloutjie en die vleis bymekaar kom as aanduiding van die lyn waarin die hare netjies geknip moet word.
- ↳ Laastens word die stert geknip. Knip die hare van die stert egalig (nie te kort nie) en moet ook nooit die stert stomp afknip nie.
- ↳ Borsel die bok se hare netjies uit.
- ↳ Skuur die hoewe skoon met die skuurpapier.
- ↳ Gebruik die klein lappie en olie om die kloutjies indien verkies die knieë, mooi blink en skoon te laat vertoon.
- ↳ Wanneer die ringgids aankondig dat die tyd verstreke is moet jy dadelik stop.

Sorg deurentyd dat jou werksarea skoon en netjies is, sodoende kan jy gestruktueerd te werk gaan en die moontlikheid vermy dat jy foute begaan. Onthou jou netheid tel ook.

## <u>RIGLYNE VIR SKOUMAN</u>:

Hierdie afdeling is baie belangrik en dra ook die grootste gewig tydens die kompetisie. Hier sal goeie was en voorbereiding beloon word, omrede jou bok dan op sy beste vertoon kan word. In hierdie afdeling hanteer jy jou bok min of meer soos op gewone skoue waar die bokke beoordeel word. Die verskil is egter dat die hanteerder onder beoordeling is en nie die bok nie, alhoewel die samewerking en voorkoms van die bok soms 'n bydraende faktor tot die sukses van die hanteerder kan wees.

Algemene reëls:

- × **<u>Moenie kougom in die ring kou nie</u>**.
- × Moenie kontak met mense buite die ring maak nie, nie eers oogkontak nie.
- × Moet nooit tussen die bok en die beoordelaar in beweeg nie.
- × **<u>Moenie juwele soos, armbande, ringe, groot oorbelle en/of kettinkies dra nie</u>**.

- × **GEEN DEELNEMERS MET SELFONE, HORLOSIES, OORFONE of DEELNEMERS MET GRIMERING AAN SAL IN DIE RING OF AREA TOEGELAAT WORD**

**Moets**

- ✓ Behou ten alle tye konsentrasie.
- ✓ Behou oogkontak met die beoordelaar, maar moenie vergeet van jou bok nie.
- ✓ Sorg dat jy en jou bok uiters netjies en skoon is, bv. maak jou waterskoene skoon, verwyder kaf onder die bok se maag en trek netjies aan. ('n Lyfgordel is verpligtend.)
- ✓ Bokke moet met 'n ketting geskou word.
- ✓ Moet nooit hardhandig met jou bok te werk gaan nie.
- ✓ Geniet dit.

Individuele skouman:

- ~ Oefen gereeld met 'n bok om jou tegniek en hanteringsvermoë te verfyn.
- ~ Meld reeds ongeveer 15 minute voor die aanvang van die klas by die ring/arena aan, asook by die ringgids by die betrokke ring/arena.

- Kom die ring binne aan die linkerkant van die bok, jou regterhand hou die ketting vas (wat om die bok se nek is). Jou vingers druk van agter onder die ketting in. Jou vry hand is gemaklik langs jou sy. Loop mooi regop in 'n kloksgewyse rigting, sonder om hoeke te sny.
- Jy sal al jou opdragte van die ring gids ontvang.
- As jy die bevel kry draai, gee jy 'n tree na voor, druk die bok se kop weg na die binnekant van die ring, trek die bok weer terug na jou toe sodat sy kop tussen jou en sy lyf inbeweeg, ruil jou hande en loop in die teenoorgestelde rigting.
- Indien jy gevra word om te stop, stop dadelik en posisioneer die bok se voorpote dat hulle netjies langs mekaar staan, asook die agterpote. Die binneste been van die bok (m.a.w. die been wat naaste aan die beoordelaar is) kan effens verder terug staan as die ander agter been. Op die manier word die uier van die bok vertoon.
- Die bok se voorpote word reg gemaak deur die bok met die ketting effens te skuif sodat sy haar voorpote vanself reg plaas. Die agterpote word met jou voet reg getrap.
- Wanneer die bok netjies staan, staan regop, draai jou lyf na die binne kant van die ring en staan teen die buitenste blad van die bok, sonder om teen die bok te leun met jou voete weerskante van jou bok se voorpote en jou los hand langs jou sy.
- Loop teen 'n gemaklike tempo, indien jou bok steeks is beweeg jou ketting deur sagte rukbeweginkies te maak om sodoende die bok te laat loop.
- Leer om die ouderdom van bokke te sien deur na hul tande te kyk. Maak sy bek oop met jou loshand se duim en wysvinger op sy lippe te plaas en oop te trek,jou ander drie vingers stut die dier se kop onder sy kakebeen. Kyk eers self na die tande en wys dan vir die beoordelaar.
- Beweeg netjies en sekuur, maar moenie militaristies voorkom nie, onthou jy werk met diere.

Daar is verskillende vlakke van opdragte wat die hanteerders moet kan uitvoer:

Wat behels die verskillende vlakke?

**Vlak 1:** Basiese en eenvoudige opdragte, dit toets net minimum hanterings vermoë. Opdragte kan geoefen word.

**Vlak 2:** Meer gevorderde toetsing van hanteringsvermoë en eie inisiatief. Opdragte kan gedeeltelik ingeoefen word.

**Vlak 3:** Mees gevorderde toetsing van hanterings vermoë. Hanteerders moet uiters goed met bokke kan werk en sterk steun op eie inisiatief. Opdragte kan nie ingeoefen word nie.

Voorbeelde van opdragte

**Vlak 1:** Stap kloksgewys in die ring en verander dan van rigting (stap anti-kloksgewys)

**Vlak 2:** Beweeg vanaf jou posisie, stap na beoordelaar, draai voor die beoordelaar en gaan staan weer op jou plek. Alle deelnemers staan langs mekaar met hul rug na die beoordeel, die ringgids sal dan die opdrag individueel aan die deelnemers gee. Bv. Stap na die beoordelaar maar stop in die helfte van die ring en vertoon jou bok altyd dwars, as die beoordelaar knik, stap aan na die beoordelaar, draai voor hom/haar en gaan staan op jou plek.

**Vlak 3:** Alle deelnemers staan langs mekaar met hul rug na die beoordelaar, die ring gids sal dan die opdrag individueel aan die deelnemers gee. Bv. Stap na die beoordelaar, stop 1m voor die beoordelaar, as die beoordelaar knik stap terug tot in die middel van die ring en vertoon jou bok se regtersy, as die beoordelaar knik draai jou bok en vertoon sy linkersy, as die beoordelaar knik stap weer na die beoordelaar draai voor hom/haar en gaan staan op jou plek.

**(NB!!! Bogenoemde is slegs voorbeelde van opdragte. Voorbeelde dien slegs as 'n riglyn en moet onder geen omstandighede as rigied beskou word nie. Die beoordelaar bepaal of hy opdragte gaan gee of nie en die besluit berus slegs by die beoordelaar. Deelnemers sal in die ring hul opdragte kry, dus moet hier baie goed gekonsentreer word).**

## Riglyne vir Groepklas:


Groepe van **3** deelnemers neem aan die klas deel.

- Rangskik die deelnemers van kort na lank, die bokke moet ook dan van klein na groot rangskik word. Die kortste deelnemer hanteer die kleinste bok en die langste deelnemer die grootste bok, indien bokke nie ewe groot is nie.
- Die persoon in die middel 'beheer' die bewegings van die groep deur opdragte te gee en/of sagte geluidjies te maak. Moenie geluide so hard maak of hard praat dat ander groepe se aandag afgetrek word en die beoordelaar als duidelik kan hoor nie.
- Deelnemers moet presies dieselfde kleredrag aan hê. Hulle moet dus 'n perfekte eenheid vorm.
- Algemene reëls wat vir die individuele skouman geld geld ook in groepklasse. Dieselfde opdragte sal ook in die klasse gegee word.

- Die groep moet presies gelyk werk, bv. hulle moet gelyk aan die linker voorbeen werk, of gelyk regop kom en selfs gelyk draaibewegings maak tydens die uitvoering van opdragte.
- Beweeg netjies en sekuur, maar moenie militaristies voorkom nie, onthou julle werk met diere.
- Wanneer dit moeilik is om ‘n plasing te maak, sal dit in ‘n groep se guns tel as hul bokke almal dieselfde kleure is. Eenvormigheid tel.
- Dieselfde vlakke van opdragte geld vir groepklasse.

**GENIET ELKE OOMBLIK...WANT JY MAG!!**

**Dele van 'n melkbok:**




| | | |
|---|---|---|
| 1.Oor | 2. Voorkop | 3. Brug van neus |
| 4. Neusgate | 5. Bek | 6. Lel /Keel |
| 7. Hartgordel | 8. Lyf | 9. Knie |
| 10. Voor-uier aanhegting | 11. Voor-uier | 12. Speen |
| 13. Speengat | 14. Kloutjie | 15. Koot |
| 16. Hak | 17. Agter uier | 18. Stertwortel |
| 19. Stert | 20. Heup | 21 Rib |
| 22. Nek | | |